

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.



# OFFICIAL GAZETTE

UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Donderdag 15 Januarie 1970

WINDHOEK

Thursday 15 January 1970

No. 3040

## INHOUD

## CONTENTS

Bladsy/Page

### PROKLAMASIES:—

No.	3	Dorp Witvlei: Wysiging van Stigtingsvoorwaardes . . . . .
No.	4	Dorp Tamariskia: Wysiging van Stigtingsvoorwaardes . . . . .
No.	5	Dorp Usakos: Uitbreiding van Grense . . . . .
No.	6	Dorp Krönlein, Keetmanshoop: Wysiging van Stigtingsvoorwaardes . . . . .
No.	7	Dorp Walvisbaai (Uitbreiding 6): Wysiging van Stigtingsvoorwaardes . . . . .

### PROCLAMATIONS:

Township of Witvlei: Amendment of Conditions of Establishment . . . . .	86
Township of Tamariskia: Amendment of Conditions of Establishment . . . . .	86
Township of Usakos: Extension of Boundaries . . . . .	87
Township of Krönlein, Keetmanshoop: Amendment of Conditions of Establishment . . . . .	87
Township of Walvis Bay (Extension 6): Amendment of Conditions of Establishment . . . . .	87

### GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

No.	6	Munisipaliteit Lüderitz: Wysiging van Strandhuisregulasies . . . . .
No.	7	Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Pensioenfondstreëls . . . . .
No.	R.3985/69	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/3/1) . . . . .
No.	R.3986/69	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/216) . . . . .
No.	R.3987/69	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 6 (No. 6/29) . . . . .
No.	R.3988/69	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 7 (No. 7/2) . . . . .
No.	R.1	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/229) . . . . .
No.	R.8	(Republiek) S.A. Verpleegstersraad: Regulasies vir die Kursus vir die Diploma in Psigiatrisse Verpleegkunde . . . . .
No.	R.35	(Republiek) Regulasies in verband met die Veiligheid van Navigasie 1968: Wysiging . . . . .

### GOVERNMENT NOTICES:

Municipality of Lüderitz: Amendment of Bungalow Regulations . . . . .	88
Municipality of Windhoek: Amendment of Pension Fund Rules . . . . .	88
(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/3/1) . . . . .	90
(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 3 (No. 3/216) . . . . .	94
(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 6 (No. 6/29) . . . . .	94
(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 7 (No. 7/2) . . . . .	98
(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/229) . . . . .	99
(Republic) S.A. Nursing Council: Regulations for the Course for the Diploma in Psychiatric Nursing . . . . .	100
(Republic) Safety of Navigation Regulations, 1968: Amendment . . . . .	110

### ALGEMENE KENNISGEWINGS:

No.	1	Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van . . . . .
No.	2	(Republiek) Militêre Opleiding en Oefeninge: Walvisbaai . . . . .

### GENERAL NOTICES:

Private Game Reserve: Proposed Proclamation of . . . . .	111
(Republic) Military Training and Exercises: Walvis Bay . . . . .	111

### ADVERTENSIES:

ADVERTISEMENTS: . . . . .	113
---------------------------	-----

**PROKLAMASIES**

DEUR SY EDELE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 3 van 1970.]

**WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES:  
WITVLEI.**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) soos gewysig, verklaar ek hierby dat Proklamasie 2/1952 soos volg gewysig word:—

Die skraping van „185 tot en met 192” in artikel A. 4 (d); n  
die invoeging van „185 tot en met 192” na „164” in artikel C. 6 (b).

Gegee onder my hand en seël in Swakopmund op hierdie die 19de dag van Desember 1969.

**J. G. H. VAN DER WATH,**  
*Administrateur*

No. 4 van 1970.]

**WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES:  
TAMARISKIA.**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) soos gewysig, verklaar ek hierby dat Proklamasie 18/65 soos volg gewysig word:—

Die vervanging van 50% en 40% in artikel 5 (q) (4) deur 70% en 60%, onderskeidelik.

Die vervanging van artikel 5 (t) (1) deur die volgende nuwe artikel

5 (t) (1) Geen gebou of struktuur of enige deel daarvan, behalwe die buitegeboue, grensmure en omheinings mag opgerig word nader as 3 meter van die agterste grens of enige sy-grens, gemeenskaplik aan 'n aangrensende erf nie.

Die vervanging van artikel 5 (u) deur die volgende nuwe artikel

5 (u) Geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, behalwe buitegeboue, grensmure of omheinings mag opgerig word nader as 3 meter van die agterste of enige sy-grens gemeenskaplik aan enige aangrensende erf nie.

Gegee onder my hand en seël in Swakopmund op hierdie die 19de dag van Desember 1969.

**J. G. H. VAN DER WATH,**  
*Administrateur*

**PROCLAMATIONS**

BY THE HONOURABLE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATOR OF SOUTHWEST AFRICA.

No. 3 of 1970.]

**AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT: WITVLEI.**

Under and by virtue of the powers in me vested by section 31A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) as amended, do hereby declare that Proclamation 2/1952 shall be amended as follows:—

The deletion of “185 to 192” in section A. 4 (d) and  
the insertion of “185 to 192” after “164” in section C. 6 (b).

Given under my hand and seal in Swakopmund on this the 19th day of December 1969.

**J. G. H. VAN DER WATH,**  
*Administrator*

No. 4 of 1970.]

**AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT: TAMARISKIA.**

Under and by virtue of the powers in me vested by section 31A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) as amended, do hereby declare that Proclamation 18/65 shall be amended as follows:—

The substitution for 50% and 40% in section 5 (q) (4) of 70% and 60% respectively.

The substitution for section 5 (t) (1) of the following new section:

5 (t) (1) No building or structure or any portion thereof, except outbuildings, boundary walls and fences, may be erected nearer than 3 metres to the rear or any other lateral boundary, common to an adjacent erf.

The substitution for section 5 (u) of the following new section.

5 (u) No building or structure or any portion thereof, except outbuildings, boundary walls and fences, may be erected nearer than 3 metres to the rear or any other lateral boundary, common to an adjacent erf.

Given under my hand and seal in Swakopmund on this the 19th day of December 1969.

**J. G. H. VAN DER WATH,**  
*Administrator*

No. 5 van 1970.]

## UITBREIDING VAN DORPSGRENSE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 29 (1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby dat die grense van die dorp Usakos uitgebrei is om Gedeeltes 46 en 50 van die plaas Usakos Dorp en Dorpsgronde, geleë in die Registrasie-afdeling H in te sluit.

Hierdie eiendomme staan nou bekend as Erwe 203 en 204, dorp Usakos.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 4de dag van Desember 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrateur*

No. 5 of 1970.]

## EXTENSION OF TOWNSHIP BOUNDARIES.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 29 (1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) I do hereby declare that the boundaries of the township of Usakos have been extended to include Portions 46 and 50 of the farm Usakos Town and Townlands situate in the Registration Division H.

The properties are now known as erven 203 and 204, township of Usakos.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 4th day of December 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrator*

No. 6 van 1970.]

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES:  
KRÖNLEIN.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) soos gewysig, verklaar ek hierby dat Proklamasie 53/65 gewysig word deur die vervanging van „50%” in artikel 4 (h) (5) deur „75%”.

Gegee onder my hand en seël in Swakopmund op hierdie die 17de dag van Desember 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrateur*

No. 6 of 1970.]

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISH-  
MENT: KRÖNLEIN.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 31A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) as amended, I do hereby declare that Proclamation 53/65 shall be amended by the substitution for “50%” in section 4 (h) (5) of “75%”.

Given under my hand and seal in Swakopmund on this the 17th day of December 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrator*

No. 7 van 1970.]

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES VAN  
UITBREIDING 6, WALVISBAAI.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) soos gewysig, verklaar ek hierby dat Proklamasie 47/1968 gewysig word deur die invoeging van die nommer „en 1970” na die nommer 2263 in artikel 3 (a).

Gegee onder my hand en seël in Swakopmund op hierdie die 17de dag van Desember 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrateur*

No. 7 of 1970.]

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISH-  
MENT: EXTENSION 6, WALVIS BAY.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 31A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) as amended, I do hereby declare that Proclamation 47/1968 shall be amended by the insertion of the number “and 1970” after the number 2263 in section 3 (a).

Given under my hand and seal in Swakopmund on this the 17th day of December 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrator*

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur, Windhoek.

No. 6.] [15 January 1970

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 gelees met artikel 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 77 van 1965 en gewysig by Goewermentskennisgewing 121 van 1968, goed te keur.

### MUNISIPALITEIT VAN LUDERITZ. WYSIGING VAN STRANDHUISREGULASIES.

Die Strandhuisregulasies van die Munisipaliteit van Luderitz word hierby gewysig deur die byvoeging van die volgende regulasie na regulasie 9.

„10. Onder geen omstandighede mag enige persoon 'n hond of enige ander dier binne die strandgebied van die Raad synde die gebied beskryf as Baastrandservituut op perseel 302 Luderitz inbring of toelaat dat sodanige hond of enige ander dier in voorgenoemde gebied ingebring word nie.

Iedereen wat die bepalings van hierdie regulasie oortree, is skuldig aan 'n misdryf. Die Raad het deur sy verantwoordelike beampte die reg om ingevolge die bepalings van die betrokke ordonansie iemand te vervolg wat enige hond of ander dier binne die betrokke strandgebied in bring.”

No. 7.] [15 Januarie 1970

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 (3) gelees met artikel 239 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings van die Pensioenfondstreëls van die Munisipaliteit van Windhoek afgekondig by Goewermentskennisgewing 292 van 1953, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 12 van 1957, 253 van 1958, 112 van 1965, 132 van 1968 en 199 van 1968.

### MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK. WYSIGING VAN PENSIOENFONDSREËLS.

1. Voeg die volgende subreël by na reël 5 (4):

„(5) Elke lid op wie die uitsonderings genoem in subreël (1) (b) van toepassing is, moet die bydrae wat bepaal is in ooreenstemming met reël 6, maar verminder met 'n driekwart persent van sy pensioendraende besoldiging betaal.”

2. Vervang reël 6 deur die volgende:

## Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,  
*Secretary for South West Africa*

Administrator's Office, Windhoek.

No. 6.] [15 January 1970

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section 243 read with section 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendment of the regulations promulgated by Government Notice 77 of 1965 and amended by Government Notice 121 of 1968.

### MUNICIPALITY OF LUDERITZ. AMENDMENT OF BUNGALOW REGULATIONS.

The Bungalow Regulations of the Municipality of Luderitz are hereby amended by the addition of the following regulation after regulation 9.

“10. Under no circumstances may any person bring any dog or any other animal or cause any dog or any other animal to be brought into the strand area of the Council, being the area described as Bathing Strand Servitude on plot 302 Luderitz.

Any person who contravenes the provisions of this regulation shall be guilty of an offence. The Council shall have the right through its authorised officer under the provisions of the ordinance concerned to prosecute any person who brings any dog or any other animal into the relative strand area.

No. 7.] [15 January 1970

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 (3) read with section 239 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendments to the Windhoek Municipal Pension Fund Rules promulgated by Government Notice 292 of 1953, as amended by Government Notices 12 of 1957, 253 of 1958, 112 of 1965, 132 of 1968 and 199 of 1968.

### WINDHOEK MUNICIPALITY. AMENDMENT OF PENSION FUND RULES.

1. Add the following subrule after rule 5 (4):

“(5) Any member to whom the exceptions of subrule 1 (b) apply shall pay the contribution determined in accordance with rule 6 but reduced by three-quarters per cent of his pensionable emoluments.”

2. Substitute the following for rule 6:

„(6) Behoudens die bepalings van hierdie reël en van Reël 27 (2) moet elke lid vanaf 1 Januarie 1970 of vanaf die aanvangsdatum van sy deurlopende diens, indien dit na 1 Januarie 1970 'n aanvang neem, volgens die onderstaande skaal tot die fonds bydra:

*Ouderdom jongste verjaardag by aanvang van deurlopende diens*      *Persentasie van Pensioendraende besoldiging*

*Manlike lede — pensioenouderdom 65 jaar*

Tot 21 jaar	8
22 tot 27 jaar	8½
28 tot 32 jaar	9
33 tot 36 jaar	9½
37 tot 40 jaar	10
41 tot 44 jaar	10½
45 jaar en ouer	11

*Manlike lede — pensioenouderdom 60 jaar*

Tot 20 jaar	9
21 tot 23 jaar	9½
24 tot 26 jaar	10
27 tot 29 jaar	10½
30 tot 32 jaar	11
33 tot 35 jaar	11½
36 tot 38 jaar	12
39 tot 41 jaar	12½
42 jaar en ouer	13

*Vroulike lede — pensioenouderdom 60 jaar*

Tot 20 jaar	7½
21 tot 23 jaar	8
24 tot 26 jaar	8½
27 tot 29 jaar	9
30 tot 32 jaar	9½
33 tot 35 jaar	10
36 tot 38 jaar	10½
39 tot 41 jaar	11
42 jaar en ouer	11½

3. Vervang die syfers „4½” deur „5½” in reël 7 (1).

4. Vervang die woorde „vier-en-twintig” deur die woorde „vyf-en-twintig” in reël 13 (1).

5. Voeg die volgende subreël by na subreël 13 (4):

„(5) Die jaargeld betaalbaar ingevolge die voorgaande subreëls van hierdie reël, of ingevolge reël 15, ten opsigte van 'n pensioenaris wat op of na 1 Januarie 1968 aftree, moet verhoog word met twee persent, jaarliks saamgestel, vir elke voltooide jaar vanaf die eerste Januarie wat onmiddellik volg op die datum van bereiking van sy pensioenouderdom: Met dien verstande dat indien 'n lid ingevolge die bepalings van reël 14 (1) sou aftree, moet sy jaargeld verhoog word met twee persent, jaarliks saamgestel, vir elke voltooide jaar na die eerste dag van Januarie wat onmiddellik volg op die datum van sy aftrede.”

6. Voeg die volgende subreëls by na subreël 21 (10):

„(11) 'n Jaargeld betaalbaar ingevolge die voorafgaande subreëls van hierdie reël wat voor 1 Januarie 1968 'n aanvang geneem het, moet vir elke voltooide jaar wat volg op 1 Januarie 1968 met 2% jaarliks saamgestel, verhoog word en elke jaargeld wat na 1 Januarie 1968 'n aanvang neem moet vir elke voltooide jaar na die 1ste dag van Januarie wat volg op die dood van 'n lid of 'n lid of pensioenaris met 2%, jaarliks saamgestel, verhoog word.”

“(6) Subject to the provisions of this rule and of rule 27 (2) every member shall contribute to the Fund as from 1 January 1970 or as from the date of commencement of his continuous service if it commenced later than 1 January 1970, in accordance with the following scale:

*Age last birthday at commencement of continuous service.*      *Percentage of pensionable emoluments*

*Male members — pension age 65 years.*

Up to 21 years	8
22 to 27 years	8½
28 to 32 years	9
33 to 36 years	9½
37 to 40 years	10
41 to 44 years	10½
45 years and over	11

*Male members — pension age 60 years*

Up to 20 years	9
21 to 23 years	9½
24 to 26 years	10
27 to 29 years	10½
30 to 32 years	11
33 to 35 years	11½
36 to 38 years	12
39 to 41 years	12½
42 years and over	13

*Female members — pension age 60 years.*

Up to 20 years	7½
21 to 23 years	8
24 to 26 years	8½
27 to 29 years	9
30 to 32 years	9½
33 to 35 years	10
36 to 38 years	10½
39 to 41 years	11
42 years and over	11½

3. Substitute the word “five” for the word “four” in rule 7 (1).

4. Substitute the words “twenty-five” for the words “twenty-four” in rule 13 (2).

5. Add the following subrule after rule 13 (4):

“(5) Any annuity payable in terms of the preceding subrules of this rule, or of rule 15, in respect of a pensioner who retires on or after 1 January 1968, shall be increased by two per cent, compounded annually for each completed year as from 1 January, immediately following the date of his attainment of the pension age: Provided that should the member retire under the provisions of rule 14 (1) his annuity shall be increased by two per cent, compounded annually, for each completed year as from the 1st day of January, immediately following the date of his retirement.”

6. Add the following subrules after rule 21 (10):

“(11) An annuity payable in terms of the preceding subrules of this rule which commenced prior to 1 January 1968 shall be increased by two per cent, compounded annually, for each completed year as from 1 January 1968 and any annuity commencing after 1 January 1968 shall be increased by two per cent, compounded annually, for each completed year as from the 1st day of January, immediately following the date of the death of the member of the pensioner.”

„(12) Indien 'n manlike of vroulike lid terwyl hy in diens van die Raad is, te sterwe kom, moet daar, onderworpe aan die bepalings van reël 5, aan die weduwee, afhanklikes of boedel van so 'n lid, soos die komitee in sy absolute diskresie besluit, bo en behalwe die bedrae betaalbaar ingevolge die voorafgaande subreëls van hierdie reël, 'n gratifikasie gelykstaande aan dubbel die jaarlikse pensioendraende besoldiging van die oorlede lid op die datum van sy afsterwe betaal word.”

7. Voeg die volgende na reël 21 ter (1) (a) by:

„by die berekening van die bedrag betaalbaar word enige bedrag wat ingevolge subreël (12) betaal is, buite rekening gelaat . . .”

8. Vervang die woorde „vier-en-'n-half” deur „vyf-en-'n-half” waar dit ook al voorkom in reël 28 (3).

9. Vervang die syfers „4½” deur „5½” in reëls 36 (1) (g) en 36 (2).

10. Vervang subreëls 36 (1) (h) deur die volgende:—

„(h) onderworpe aan die voorafverkreeë goedkeuring van die Registrateur van Pensioenfondse, in die aankoop van onroerende eiendom, insluitende die aankoop van grond en die oprigting van geboue daarop;

(i) in obligasies, preferente aandele, ongedekte kredietbriewe, gewone aandele of dergelike soorte beleggings;

(j) in eenhede van 'n maatskappy wat kragtens die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1947 (Wet 18 van 1947) geregistreer is.”

“(12) Should a male or female member die in the service of the Council, then, subject to the provisions of rule 5, there shall be paid in addition to any amounts which may be payable in terms of the preceding subrules of this rule a gratuity equal to twice the annual pensionable emoluments of the deceased member at the date of his death to the widow, dependants or estate of such member as the Committee, in its absolute discretion, may decide.”

7. Add the following words to the end of rule 21 ter

1 (a):  
“in calculating the amount payable any amount paid under subrule (12) shall be left out of account, and . . .”

8. Substitute the word “five” for the word “four” wherever it occurs in rule 28 (3).

9. Substitute the word “five” for the word “four” wherever it appears in rule 36 (1) (g) and rule 36 (2).

10. Substitute the following subrules for subrules 36 (1) (h) and (i):

“(h) subject to the prior approval of the Registrar of Pension Funds in the purchase of immovable property, including the purchase of land and the erection of buildings thereon;

(i) in debentures, preference shares, unsecured notes, ordinary shares or similar forms of investment;

(j) in units of any company registered under the Unit Trusts Control Act, 1947 (Act 18 of 1947).”

No. R. 3985/69 (Republiek).] [24 Desember 1969

DOEANE- EN AKSYNWET, 1964. — WYSIGING VAN  
BYLAE NO. 1 (NO. 1/3/1).

Ek, NICOLAAS DIEDERICH, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynwet, 1964, wysig hierby Deel 3 van Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon en handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 40 van die Wysigingswet op Doeane en Aksyns, 1969, pas hierby die bepalings van die Bylae hiervan, vir sover dit op die uitsluiting van indikateurpapier uit die bepalings van tariefpos No. 48.15 van verkoopregitem 140.00 betrekking het, met terugwerkende krag tot 26 Maart 1969 toe.

N. DIEDERICH,  
Minister van Finansies.

BYLAE.

I	II	III
Verkoop-reg-item	Tariefpos en Beskrywing	Skaal van Verkoopreg
137.00	39.00 Deur tariefpos No. 39.00 deur die volgende te vervang:	
	„39.00	
	(1) Suigstrooitjies van kunsharse of -plastiekstowwe	10%
	(2) Muurpapier en linkrusta en deursigtige vensterpapier van kunsharse of plastiekstowwe	10%

No. R. 3958/69 (Republic).] [24 December 1969

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT  
OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/3/1).

I, NICOLAAS DIEDERICH, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Part 3 of Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto and in terms of the powers vested in me by section 40 of the Customs and Excise Amendment Act, 1969, hereby apply the provisions of the Schedule hereto, in so far as they relate to the exclusion of indicator papers from the provisions of tariff heading No. 48.15 of sales duty item 140.00, with retrospective effect to the 26th March, 1969.

N. DIEDERICH,  
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I	II	III
Sales Duty Item	Tariff Heading and Description	Rate of Sales Duty
137.00	39.00 By the substitution for tariff heading No. 39.00 of the following:	
	“39.00	
	(1) Drinking-straws of artificial resins or plastic materials	10%
	(2) Wallpaper and linkrusta and window transparencies of artificial resins or plastic materials	10%

	(3) Deurslag en ander kopieer- en oordruk media op kunsharse of -plastiek-stowwe	10%"	(3) Carbon and other copying and transfer media on artificial resins or plastic materials	10%"
140.00	48.07 Deur voor tariefpos No. 48.11 die volgende in te voeg:		140.00 48.07 By the insertion before tariff heading No. 48.11 of the following:	
	"48.07 Aaneenlopende skryfbehoeftes en bedrukte vorms (met in begrip van omsendbriewe met antwoord- navraag- of bestelingskoepons) in los velle, bedruk, hetsy geperforeer al dan nie, met 'n wydte van meer as 15 cm., of waarvan enige sy 36 cm oorskry; deurslagpapier nie na grootte gesny nie	10%"	"48.07 Continuous stationery and printed forms (including circular letters with reply, enquiry or order coupons) in the form of single sheets, printed, whether or not perforated, exceeding 15 cm. in width or of which any side exceeds 36 cm.; carbon paper not cut to size	10%"
	48.15 Deur tariefpos No. 48.15 deur die volgende te vervang:		48.15 By the substitution for tariff heading No. 48.15 of the following:	
	"48.15 Ander papier en papierbord, na grootte of vorm gesny (uitgesonderd sodanige papier en papierbord van 'n soort gebruik by die toedraai of verpakking van enige artikel; filterpapier en filterborde, indikateurpapier; papier en papierbord bestryk met sinkoksied of ander nie-liggevoelige emulsies van 'n soort gebruik vir fotokopieëring; papier en papierbord uitgesluit ingevolge 'n beslissing kragtens artikel 36A(2)(a) van hierdie Wet):		"48.15 Other paper and paperboard, cut to size or shape (excluding such paper and paperboard of a kind used in the wrapping or packing of any article; filter papers and filter boards; indicator papers; paper and paperboard coated with zinc oxide or other emulsions non-sensitive to light, of a kind used for photocopying; paper and paperboard excluded in terms of any determination under section 36A(2)(a) of this Act):	
	(1) Toilet papier in rolle met 'n wydte van hoogstens 13 cm. of in langwerpige velle waarvan geen sy 18 cm. oorskry nie	5%	(1) Toilet paper in rolls not exceeding 13 cm. in width or in rectangular sheets of which no side exceeds 18 cm.	5%
	(2) Ander	10%	(2) Other	10%
	48.16 Deur na tariefpos No. 48.15 die volgende in te voeg:		48.16 By the insertion after tariff heading No. 48.15 of the following:	
	48.16 Invoukoeverte vir drukwerk en papierpakkies en soortgelyke pakkies vir die pos van drukwerk gebruik, met inbegrip van koeverte en papierpakkies vir die pos van tydskrifte	10%"	48.16 Printed paper rate pocket envelopes and paper packets and the like of a type used for posting printed matter, including envelopes and paper packets for posting periodicals	10%"
	48.21 Deur tariefpos No. 48.21 deur die volgende te vervang:		48.21 By the substitution for tariff heading No. 48.21 of the following:	
	"48.21 Ander artikels van papierpulp, papier, papierbord of sellulosewatte (uitgesonderd lampskerms; sanitêre doekies; artikels van 'n soort gebruik by die vervaardiging, toedraai of verpakking van industriële produkte; filters van enige soort)	10%	"48.21 Other articles of paper pulp, paper, paperboard or cellulose wadding (excluding lampshades; sanitary napkins; articles of a kind used in the manufacture, wrapping or packing of industrial products; filters of any kind)	10%
	49.09 Deur in tariefpos No. 49.09 die skaal van reg in Kolom III deur die volgende te vervang:	10%"	49.09 By the substitution in tariff heading No. 49.09 for the rate of duty in Column III of the following:	"10%"
	49.10 Deur in tariefpos No. 49.10 die skaal van reg in Kolom III deur die volgende te vervang:	10%"	49.10 By the Substitution in tariff heading No. 49.10 for the rate of duty in column III of the following:	"10%"

49.11 Deur tariefpos No. 49.11 deur die volgende te vervang:	10%	49.11 By the substitution for tariff heading No. 49.11 of the following:	10%
49.11 Bedrukte kalendersteunblaaië met of sonder illustrasies, met inbegrip van reklame kalendersteunblaaië; almanakke afgedruk op ander materiaal as papier of papierbord met inbegrip van reklame-almanakke; Kersfees- en ander groete- en persoonlike boodskapkaarte; visitekaarte; weddenskapkaarte; prentkaarte van dieselfde grootte as poskaarte en wat as poskaarte gebruik kan word		49.11 Printed calendar backs with or without illustrations, including advertising calendar backs; calendars printed on material other than paper or paperboard, including advertising calendars; Christmas and other greeting and personal message cards; visiting cards; tote betting tickets; picture cards of the same size as postcards and capable of use as postcards	
(I) Deur na tariefpos No. 49.11 die volgende in te voeg:		(I) By the insertion after tariff heading No. 49.11 of the following:	
(I) Deurslag- en ander kopieerpapier en oordrukpapier en ander papier en papierbord van 'n soort ingesluit in tariefposte Nos. 48.13 en 48.15 in hierdie verkoopregitem, indien in reepe of rolle met 'n wydte wat nie 22 cm. oorskry nie of in langwerpige velle waarvan geen sy 42 cm. oorskry nie	"10%"	(I) Carbon and other copying papers and transfer papers and other paper and paperboard of the kind included in tariff headings Nos. 48.13 and 48.15 in this sales duty item, when in strips or rolls of a width not exceeding 22 cm. or in rectangular sheets of which no side exceeds 42 cm.	"10%"
146.00 85.13 Deur in die tariefpos No. 85.13 die skaal van reg in Kolom III deur die volgende te vervang:	"10%"	146.00 85.13 By the substitution in tariff heading No. 85.13 for the rate of duty in Column III of the following:	"10%"
<b>OPMERKINGS</b> — Die Sekretaris van Doeane en Aksyns het ingevolge artikel 36A(2)(a) van die Doeane- en Aksynswet, 1964, bepaal dat —		<b>NOTES</b> — In terms of section 36A(2)(a) of the Customs and Excise Act, 1964, the Secretary for Customs and Excise has determined that —	
(a) in die geval van drukwerk en ander produkte onder verkoopregitem 140.00 aan verkoopreg onderhewig wat vervaardig is deur inrigtings- of kantoordrukkers wat nie aan die bepalings van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956 onderhewig is nie, die verkoopreg op sodanige drukwerk en produkte, in plaas van betaling op die belasbare artikel, betaalbaar is in die stadium wanneer die papier of papierbord wat by die vervaardiging daarvan gebruik word, in die groottes of vorms soos in paragraaf (I) van verkoopregitem 140.00 uiteengesit, gesny word (hieronder onderskeidelik sny en gesnyde papier genoem),		(a) in the case of printed matter and other products dutiable under sales duty item 140.00 produced by institutional or "in-plant" printers who are not subject to the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, the sales duty on such matter and products shall, in lieu of payment on the dutiable finished products, be payable at the stage when the paper or paperboard used in the production thereof is cut to sizes or shapes specified in paragraph (I) of sales duty item 140.00 (hereinafter referred to as cutting and cut paper respectively)	
(b) by die toepassing van paragraaf (a) —		(b) for the purpose of paragraph (a) —	
(i) alle persone wat gewone onversierde masjiengemaakte, gevormde, of handgemaakte papier of papierbord, wat eenvoudige afwerkings- en bestrykingsprosesse van 'n soort wat gewoonlik in die papiermeule uitgevoer word, ondergaan het, met inbegrip van kalandering, bosselering en dergelike prosesse, maar uitgesonderd sypapier en selulosewatte en papier en papierbord wat by verkoopregitem 140.00 uitgesluit is (hieronder tipe A papier genoem), sny, aansoek om 'n lisensie vir verkoopregdoeleindes moet doen,		(i) all persons engaged in the cutting of plain, unadorned machine-made, mould-made or hand-made paper or paperboard subjected only to simple finishing and coating processes of the kind normally carried out at the paper mill, including calendering, embossing and the like, but excluding tissue paper and cellulose wadding and paper and paperboard excluded from sales duty item 140.00, (hereinafter referred to as type A paper), shall apply for a licence for sales duty purposes,	
(ii) alle ongesnyde papier en papierbord wat deur 'n kragtens subparagraaf (i) gelisen-		(ii) any person licensed in terms of subparagraph (i) shall, in respect of all uncut paper	



sieerde persoon gedurende enige tydperk waarvoor 'n bekragtigende klaringsbrief (rekening) vir betaling van reg ingedien word, aangekoop of ingevoer is, geag word gedurende daardie tydperk deur sodanige persoon gesny en uit sy gelisensieerde pakhuis gelewer te gewees het,

- (iii) die waarde vir verkoopregdoeleindes van tipe A gesnyde papier aan die verhoging deur die Sekretaris in elke geval vir die verskillende soorte handelaars bepaal, onderhewig is,
- (iv) tipe A gesnyde papier wat deur 'n vervaardiger van papier of papierbord gelewer is aan enige persoon wat onder verkoopregitem 140.00 gelisensieer is, onderworpe aan die voorwaardes wat die Sekretaris in elke geval oplê, geag word gesny te gewees het ten behoeve van so 'n gelisensieerde persoon wat vir die verkoopreg daarop betaalbaar aanspreeklik is, en
- (v) tipe A gesnyde papier tipe A papier soos in hierdie paragraaf omskryf en onder tariefposte Nos. 48.13 en 48.15 en paragraaf (I) van verkoopregitem 140.00 ingedeel, insluit,
- (c) masjiengemaakte, gevormde of handgemaakte papier en papierbord wat prosesse soos bedrukking, liniëring, perforering, gate pons, hoekafronding en dergelike prosesse ondergaan het, wat nie gewoonlik by die papiermeule uitgevoer word nie, met inbegrip van sypapier en sellulosewatte, maar uitgesonderd papier en papierbord wat by verkoopregitem 140.00 uitgesluit is, by die sny daarvan aan enige reg in tariefpos No. 48.15 en paragraaf (I) van verkoopregitem 140.00 vermeld, onderhewig word,
- (d) die waarde vir verkoopregdoeleindes van tipe B papier nie aan verhoging onderhewig is nie,
- (e) tipe A papier nie aan die verkoopreg in tariefposte Nos. 48.13 en 48.15 en paragraaf (I) van verkoopregitem 140.00 onderhewig is nie indien dit deur 'n persoon wat as 'n bedryfsdrukker gelisensieer is vir gebruik deur hom vir drukdoeleindes gesny word, en
- (f) in die geval van deurslagpapier, die verkoopreg op deurslagpapier in die groottes of vorms in paragraaf (I) van verkoopregitem 140.00 uitgesluit, betaalbaar is in die stadium wanneer ongesnyde koolpapier plat of in rolle ingevoer of uit die gelisensieerde pakhuis van 'n plaaslike vervaardiger gelewer word, behalwe waar deurslagpapier aldus gesny ingevoer of uit die gelisensieerde pakhuis van 'n plaaslike vervaardiger in sodanige gesnyde vorm gelewer word in welke geval verkoopreg daarop ingevolge tariefpos No. 39.00 van verkoopregitem 137.00 of tariefpos No. 48.13 of paragraaf (I) van verkoopregitem 140.00 betaal word.
- and paperboard purchased or imported during any period in respect of which a validating bill of entry (account) is submitted for payment of sales duty, be deemed to have cut and delivered such paper from his licensed warehouse during that period,
- (iii) the value for sales duty purposes of type A cut paper shall be subject to such enhancement as the Secretary determines in each case for the different classes of dealers,
- (iv) type A cut paper supplied to any person licensed under sales duty item 140.00 by a manufacturer of paper and paperboard shall, subject to such conditions as the Secretary may impose in each case, be deemed to have been cut on behalf of such licensed person who shall be liable for the sales duty thereon,
- (v) type A cut paper shall include type A paper as defined in this paragraph and classified in tariff headings Nos. 48.13 and 48.15 and paragraph (I) of sales duty item 140.00.
- (c) machine-made, mould-made and hand-made paper and paperboard which have been subjected to processes such as printing, ruling, perforation, punching, round cornering and the like not normally carried out at the paper mill, including tissue paper and cellulose wadding, but excluding paper and paperboard excluded from sales duty item 140.00 (hereinafter referred to as type B paper) shall on cutting be subject to any duty specified in tariff heading No. 48.15 and paragraph (I) of sales duty item 140.00 in respect thereof,
- (d) the value for sales duty purposes of type B paper shall not be subject to enhancement, and
- (e) type A paper shall not be subject to the sales duty specified in tariff headings Nos. 48.13 and 48.15 and paragraph (I) of sales duty item 140.00 when cut by a person licensed as a commercial printer for use by him for printing purposes, and
- (f) in the case of carbon paper, the sales duty on carbon paper cut to sizes or shapes specified in paragraph (I) of sales duty item 140.00 shall be payable at the stage when uncut carbon paper in the flat or in reels are imported or delivered from the licensed warehouse of a local manufacturer except where carbon paper so cut is imported or delivered from the licensed warehouse of a local manufacturer in such cut form in which event sales duty thereon shall be paid thereon under tariff heading No. 39.00 of sales duty item 137.00 or tariff heading No. 48.13 or paragraph (I) of sales duty item 140.00.

No. R. 3986/69 (Republiek).]

[24 Desember 1969

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN  
BYLAE NO. 3 (NO. 3/216).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,  
Minister van Finansies.

## BYLAE.

I	II	III
Item	Tariefpos en Beskrywing	Mate van Korting

317.03 Deur na Opmerking 07.00 die volgende in te voeg:

„08.00 Nieteenstaande die bepalings van Opmerking 07.00 kan die goedere vermeld onder tariefpos No. 87.06(7), (8) en (9) in paragraaf (I) van hierdie item onder paragraaf (IV) van hierdie item met korting op reg toegelaat word in die hoeveelhede en op die tye en onderworpe aan die voorwaardes wat die Sekretaris van Nywerheidswese by bepaalde permit toelaat.”

**OPMERKING** — Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat die invoer met korting op die volle reg van sekere wielasse van die aandryf- en nie-aandryftipe, onderskeidelik, en onderdele daarvan, ingevoer in eenheidsverpakkings van ongemonteerde motorvoertuie met 'n bruto voertuiggewig van minstens 22,400 lb., toegelaat sal word mits 'n bepaalde permit deur die Sekretaris van Nywerheidswese voorgelê word.

No. R. 3987/69 (Republiek).]

[24 Desember 1969

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN  
BYLAE NO. 6 (NO. 6/29).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 6 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,  
Minister van Finansies.

No. R. 3986/69 (Republic).]

[24 December 1969

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT  
OF SCHEDULE NO. 3 (NO. 3/216).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 3 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,  
Minister of Finance.

## SCHEDULE.

I	II	III
Item	Tariff Heading and Description	Extent of Rebate

317.03 By the insertion after Note 07.00 of the following:

“08.00 Notwithstanding the provisions of Note 07.00, the goods mentioned under tariff heading No. 87.06 (7), (8) and (9) in paragraph (I) of this item may be allowed under paragraph (IV) of this item under rebate of duty, in such quantities and at such times and subject to such conditions as the Secretary for Industries may allow by specific permit.”

**NOTE** — The effect of this notice is that the importation under a rebate of the full duty of certain axles of the driving and non-driving type, respectively, and parts thereof, imported in unit packs of unassembled motor vehicles with a gross vehicle weight of 22,400 lb. or more, may be allowed provided a specific permit from the Secretary for Industries is submitted.

No. R. 3987/69 (Republic).]

[24 December 1969

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT  
OF SCHEDULE NO. 6 (NO. 6/29).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 6 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,  
Minister of Finance.

## BYLAE.

## SCHEDULE.

I	II	III	IV
Item	Tariefitem en Beskrywing	Mate van Korting	Mate van Terugbetaling
609.17	<p>Deur na Opmerking 1 by item 609.17 die volgende in te voeg:</p> <p>„2. By die toepassing van item 609.17 —</p> <p>(a) word tussen die 1ste dag van Januarie 1970 en die 31ste dag van Desember 1970 die voorsienings by óf item 609.17.20 óf item 609.17.30, na keuse van die vervaardiger van toepassing ten opsigte van enige motorkar in die Republiek vervaardig: Met dien verstande dat, tensy anders in die item bepaal, klaring van enige model onder item 609.17.30 in enige stadium klaring onder item 609.17.20 in 'n latere stadium uitsluit,</p> <p>(b) is Opmerkings 1 (c) en (d) nie op item 609.17.30 van toepassing nie,</p> <p>(c) beteken, behoudens die bepalings van Opmerkings 2 (d), (e) en (f), „netto inhoud volgens gewig van onderdele en materiale in die Republiek vervaardig” waarna in item 609.17.30 verwys word, die totale gewig per motorkar van —</p> <p>(i) onderdele en materiale geheel in die Republiek vervaardig van materiaal geheel in die Republiek geproduseer, en</p> <p>(ii) onderdele en materiale in die toestand en die omstandighede ingevoer of in die Republiek van ingevoerde materiaal vervaardig in die omstandighede of in die mate wat vir die doel van hierdie paragraaf deur die Minister van Ekonomiese Sake of deur 'n persoon of komitee vir daardie doel deur hom gemagtig, goedgekeur word, onderworpe aan die voorwaardes en vir die tyd wat in elke geval deur die bedoelde Minister of persoon of komitee voorgeskryf word,</p>		

I	II	III	IV
Item	Tariff Item and Description	Extent of Rebate	Extent of Refund
609.17	<p>By the insertion after Note 1 to item 609.17 of the following:</p> <p>“2. For the purposes of item 609.17 —</p> <p>(a) between the 1st day of January, 1970 and the 31st day of December, 1970, the provisions of either item 609.17.20 or item 609.17.30, at the option of the manufacturer, shall apply in respect of any motor car manufactured in the Republic: Provided that entry of any model under item 609.17.30 at any stage shall debar its entry under item 609.17.20 at a later stage except as otherwise provided for in the item,</p> <p>(b) Notes 1 (c) and (d) shall not apply to item 609.17.30,</p> <p>(c) subject to the provisions of Notes 2 (d), (e) and (f), “net content by weight of parts and materials manufactured in the Republic” referred to in item 609.17.30 means the aggregate weight per motor car of —</p> <p>(i) parts and materials wholly manufactured in the Republic from materials wholly produced in the Republic, and</p> <p>(ii) parts and materials imported in such condition and in such circumstances or manufactured in the Republic from imported material in such circumstances or to such extent as may be approved for the purposes of this paragraph by the Minister of Economic Affairs or by any person or committee authorised by him for that purpose, subject to such conditions and for such time as may in each case be prescribed by the said Minister or person or committee,</p>		

No. R. 3988/69 (Republiek.)]

[24 Desember 1969

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN  
BYLAE NO. 7 (NO. 7/2).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 7 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon en handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 40 van die Wysigingswet op Doeane- en Aksyns, 1969, pas hierby die bepalings van die Bylae hiervan, vir sover dit op meubels vir skole en kolleges betrekking het, met terugwerkende krag tot 26 Maart 1969 toe.

N. DIEDERICHS,  
Minister van Finansies.

## BYLAE.

I	II	III	IV
Item	Verkoopregitem, Tariefpos en Beskrywing	Mate van Korting	Mate van Terug- betaling
701.03	Deur na item 701.02 die volgende in te voeg: „701.03 150.00/94.00 Meubels voorsien aan Staats- skole vir primêre en middel- bare onderwys en Staatskol- leges vir die opleiding van on- derwysers mits — (a) sodanige meubels aange- koop word vir eie gebruik uit fondse wat die skole of kolleges self ingesamel het, en (b) enige eis deur 'n gelisen- siede om 'n korting op verkoopreg ingevolge hier- die item gestaaf word deur — (i) 'n beëdigde verklaring deur die hoof van die skool of kollege dat die betrokke meubels aangekoop is uit fond- se wat die skool of kollege self ingesamel het en dat die meu- bels ontvang is, en (ii) 'n fotostaatafdruk of 'n gewaarmerkte af- skrif van die bestel- ling vir die betrokke meubels	Volle reg	
701.04	701.04 148.00/92.12 Grammofoonplate, godsdien- stig en hoofsaaklik 'n weer- gawe van spraak, geklaar deur 'n godsdienstige liggaam hier- onder vermeld vir sy eie ge- bruik by godsdiensoerrig of vir gratis verspreiding daar- van, onderhewig aan voorleg- ging van 'n skriftelike verkla- ring deur vermelde liggaam wat die aard en gebruik van sodanige plaat aantoon: „Gospel Recordings Incorporated”	Volle reg”	

## OPMERKINGS —

- (1) Voorsiening word met terugwerkende krag tot 26 Maart 1969 vir 'n korting op verkoopreg ge-

No. R. 3988/69 (Republic.)]

[24 December 1969

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT  
OF SCHEDULE NO. 7 (NO. 7/2).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 7 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto and in terms of the powers vested in me by section 40 of the Customs and Excise Amendment Act, 1969, hereby apply the provisions of the Schedule hereto, in so far as they relate to furniture for schools and colleges, with retrospective effect to the 26th March, 1969.

N. DIEDERICHS,  
Minister of Finance.

## SCHEDULE.

I	II	III	IV
Item	Sales Duty Item, Tariff Heading and Description	Extent of Rebate	Extent of Refund
701.03	By the insertion after item 701.02 of the following: “701.03 150.00/94.00 Furniture supplied to State schools for primary and second- ary education and State col- leges for the training of teach- ers, provided — (a) such furniture is purchas- ed by such schools and col- leges for their own use from funds collected by them, and (b) any claim by a licensee for a rebate of sales duty in terms of this item is supported by — (i) a sworn affidavit by the head of the school or college that the furniture concerned has been purchased from funds collected by the school or col- lege itself and that the furniture has been received, and (ii) a photostatic copy or a certified copy of the order for the furni- ture concerned	Full duty	
701.04	701.04 148.00/92.12 Gramophone records, religious and mainly a reproduction of speech, entered by any reli- gious body mentioned hereun- der for its own use in religious instruction or for distribution thereof free of charge, sub- ject to production of a writ- ten declaration by the said body stating the nature and use of such records: “Gospel Recordings Incorporated”	Full duty”	

## NOTES —

- (1) Provision is being made for a rebate of sales duty with retrospective effect to the 26th March,

maak en nie vir 'n terugbetaling van verkoopreg nie. Slegs die vervaardigers van meubels wat in bostaande omstandighede gelewer is, kan die korting eis en skole en kolleges wat sodanige meubels aangekoop het, moet die voorgeskrewe sertifikaat aan die betrokke vervaardiger stuur met 'n versoek dat hy die verkoopreg in sy volgende verkoopregrekening afset en aan die skool of kollege terugbetaal.

- (2) Voorsienig word ook gemaak vir 'n korting op verkoopreg op sekere godsdienstige grammofoonplate vir gratis verspreiding.

No. R. 1 (Republiek).]

[1 Januarie 1969

## DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/229).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,  
Minister van Finansies.

## BYLAE.

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III Skaal van Reg			V Voorkeur
		Algemeen	M.B.N.		
16.02 Deur in subpos No. 16.02.20 die skaal van reg in Kolom IV deur die volgende te vervang:			„644c per 100 lb.”		
26.01 Deur in subpos No. 26.01.70 die skaal van reg in die Kolom IV deur die volgende te vervang:			„4%”		
32.04 Deur in subpos No. 32.04.10 die skaal van reg in Kolom IV deur die volgende te vervang:			„4%”		
37.04 Deur in subpos No. 37.04.90 die skaal van reg in Kolom IV deur die volgende te vervang:			„12%”		
37.08 Deur in subpos No. 37.08.10 die skaal van reg in Kolom IV deur die volgende te vervang:			„12%”		
73.02 Deur in subpos No. 73.02.90 die skaal van reg in Kolom IV deur die volgende te vervang:			„17%”		

OPMERKING — Die skale van reg word gewysig in die mate aangedui.

1969, and not for a refund of sales duty. Only manufacturers of furniture supplied in the above-mentioned circumstances may claim the rebate and schools and colleges who purchased such furniture, should send the prescribed certificate to the manufacturer concerned, together with a request that he should set off the sales duty in his next sales duty account and refund the duty to the school or college.

- (2) Provision is also being made for a rebate of sales duty on certain religious gramophone records for free distribution.

No. R. 1 (Republic).]

[1 January 1969

## CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/229).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,  
Minister of Finance.

## SCHEDULE.

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III Rate of Duty			V Preferential
		General	M.F.N.		
16.02 By the substitution in subheading No. 16.02.20 for the rate of duty in Column IV of the following:			„644c per 100 lb.”		
26.01 By the substitution in subheading No. 26.01.70 for the rate of duty in Column IV of the following:			„4%”		
32.04 By the substitution in subheading No. 32.04.10 for the rate of duty in Column IV of the following:			„4%”		
37.04 By the substitution in subheading No. 37.04.90 for the rate of duty in Column IV of the following:			„12%”		
37.08 By the substitution in subheading No. 37.08.10 for the rate of duty in Column IV of the following:			„12%”		
73.02 By the substitution in subheading No. 73.02.90 for the rate of duty in Column IV of the following:			„17%”		

NOTE — The rates of duty are amended to the extent indicated.

No. R. 8 (Republiek).]

[2 Januarie 1970

No. R. 8 (Republic).]

[2 January 1970

## DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSRAAD.

REGULASIES VIR DIE KURSUS VIR DIE DIPLOMA  
IN PSIGIATRIESE VERPLEEGKUNDE.

Die Minister van Gesondheid het, kragtens artikel 11 (1) van die Wet op Verpleging (Wet No. 69 van 1957), sy goedkeuring geheg aan die volgende regulasies vir die diploma in psigiatriese verpleegkunde wat deur die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad gemaak is ter vervanging van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 825 van 11 Junie 1965, soos gewysig deur Kennisgewings Nos. R. 1206 van 5 Augustus 1966 en R. 304 van 8 Maart 1968:—

VOORWAARDES VIR DIE GOEDKEURING VAN  
SKOLE.

1. (1) 'n Skool kan goedgekeur word indien —
  - (a) 'n daaglikse gemiddeld van minstens drie honderd (300) pasiënte beskikbaar is. Van hierdie pasiënte moet minstens sestig (60) psigiatriese pasiënte en minstens sestig (60) swaksinnige pasiënte wees;
  - (b) daar 'n psigiatriese buitepasiëntdiens is;
  - (c) 'n geregistreerde psigiatriese verpleegster/verpleër by die raad as die persoon in beheer van die skool aangedui word. Indien 'n geregistreerde psigiatriese verpleër aangedui word as die persoon in beheer van 'n skool wat ook vroueleerlinge toelaat, moet 'n geregistreerde psigiatriese verpleegster by die raad as die persoon in beheer van die kursus vir vroueleerlinge aangedui word;
  - (d) lede van die verpleegpersoneel wat aan die kliniese onderrig van leerlinge deelneem, geregistreerde psigiatriese verpleegsters/verpleërs is. Geregistreerde psigiatriese verpleërs mag slegs binne die bestek van hulle registrasie aan die kliniese onderrig van vroueleerlinge deelneem.
- (2) Fasiliteite wat die raad bevredig, moet vir die kursus beskikbaar wees.
- (3) Nieteenstaande die voorwaardes in hierdie regulasie voorgeskryf, kan die raad 'n skool goedkeur, selfs al kan daar aan een of meer van die voorwaardes nie voldoen word nie. Hierdie goedkeuring kan op voorwaardes wat die raad mag bepaal, verleen word.

## TOELATING TOT DIE KURSUS.

2. 'n Kandidaat moet by die persoon in beheer van die skool inlewer —
  - (1) 'n sertifikaat dat sy minstens in standerd tien geslaag het, of 'n ekwivalente sertifikaat; of
  - (2) bewys van lopende registrasie as 'n verpleegster of verpleër of as 'n vroedvrou, of bewys van lopende inskrywing as 'n ingeskrewe hulpverpleegster of 'n ingeskrewe hulpverpleër. Hierdie registrasie of inskrywing moet dwarsdeur die kursus en totdat die uitslae van die eindeksamen gepubliseer is, in stand gehou word, by versuim waarvan die tydperk van die kursus wat vanaf die datum van skraping uit die register of rol tot die datum van weerinskrywing deurloop is, verbeur word.

REGISTRASIE, HERREGISTRASIE, STAKING EN  
VOLTOOIING VAN DIE KURSUS.

3. Ingevolge die regulasies betreffende die registers vir leerlinge —
  - (a) moet 'n leerling om registrasie of weerinskrywing op die register aansoek doen;
  - (b) moet die persoon in beheer van 'n skool die raad in kennis stel indien 'n leerling om enige rede, insluitende 'n oorplasing na 'n ander skool, die kursus vóór voltooiing staak;

## THE SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL.

REGULATIONS FOR THE COURSE FOR THE  
DIPLOMA IN PSYCHIATRIC NURSING.

The Minister of Health, in terms of section 11 (1) of the Nursing Act (Act No. 69 of 1957), has approved the following regulations for the diploma in psychiatric nursing made by the South African Nursing Council in substitution for the regulations published under Government Notice No. R. 825 of the 11th June, 1965, as amended by Notices Nos. R. 1206 of the 5th August, 1966 and R. 304 of the 8th March, 1968:—

## CONDITIONS FOR THE APPROVAL OF SCHOOLS.

1. (1) A school may be approved if —
  - (a) a daily average of at least three hundred (300) patients is available. Of these patients at least sixty (60) shall be psychiatric patients and at least sixty (60) shall be mentally defective patients;
  - (b) there is a psychiatric out-patient service;
  - (c) a registered psychiatric nurse is designated to the council as the person in charge of the school. If a registered male psychiatric nurse is designated as the person in charge of a school which also admits female students, a registered female psychiatric nurse shall be designated to the council as the person in charge of the course for female students;
  - (d) members of the nursing staff who take part in the clinical instruction of students are registered psychiatric nurses. Registered male psychiatric nurses may take part in the instruction of female students within the scope of their registration.
- (2) Facilities satisfactory to the council shall be available for the course.
- (3) Notwithstanding the conditions prescribed in this regulation, the council may approve a school even if one or more of the conditions cannot be complied with. Such approval may be granted upon such conditions as the council may determine.

## ADMISSION TO THE COURSE.

2. A candidate shall submit to the person in charge of the school —
  - (1) A certificate of having passed at least standard ten, or an equivalent certificate; or
  - (2) proof of current registration as a nurse or as a midwife, or proof of current enrolment as an auxiliary nurse. This registration or enrolment shall be maintained throughout the course and until the results of the final examination are published, failing which the period of the course undergone from the date of removal from the register or roll to the date of restoration, shall be forfeited.

REGISTRATION, RE-REGISTRATION, TERMINATION  
AND COMPLETION OF THE COURSE.

3. In terms of the regulations regarding the registers for students —
  - (a) a student shall apply for registration or for restoration to the register;
  - (b) the person in charge of a school shall notify the council if a student terminates the course for any reason before completion, including a transfer to another school;

- (c) moet die persoon in beheer van 'n skool die raad in kennis stel wanneer 'n leerling die kursus voltooi. Gelyktydig met hierdie kennisgewing moet 'n rekord van die teoretiese en kliniese onderrig wat deur die leerling deurloop is, ingedien word.

#### DUUR VAN DIE KURSUS.

4. (1) Behalwe soos anders in regulasie 7 voorgeskryf, is die duur van die kursus drie (3) jaar. Die afwesighedsverlof wat ingevolge paragraaf (2) toegestaan mag word en die siekteverlof (nie bykomstige siekteverlof nie) wat ingevolge paragraaf (3) toegestaan mag word, is by hierdie tydperk ingesluit.

(2) Afwesighedsverlof mag soos volg aan 'n leerling toegestaan word op tye gedurende die voorgeskrewe kursus waarop die persoon in beheer van die skool mag besluit:

- (a) indien die voorgeskrewe kursus minder as een (1) jaar duur — geen;
- (b) indien die voorgeskrewe kursus langer as een (1) jaar maar minder as twee (2) jaar duur — nie meer as dertig (30) dae, allesinsluitende, nie;
- (c) indien die voorgeskrewe kursus langer as twee (2) jaar maar minder as drie (3) jaar duur — nie meer as sestig (60) dae, allesinsluitend, nie;
- (d) indien die voorgeskrewe kursus langer as drie (3) jaar maar minder as vier (4) jaar duur — nie meer as negentig (90) dae, allesinsluitend, nie.

(3) (a) Siekteverlof kan teen 'n koers van twaalf (12) dae vir elke jaar van die kursus bereken, en 'n proporsionele aantal dae in 'n korter tydperk, aan 'n leerling toegestaan word. Siekteverlof kan op enige tydstip gedurende die voorgeskrewe kursus toegestaan word.

(b) Bykomstige siekteverlof mag toegestaan word, maar hierdie siekteverlof moet ingewerk word, sodat die voorgeskrewe tydperk vir die kursus voltooi word.

(4) (a) Die kursus word van nuuts af hervat indien 'n onderbreking vóór voltooiing van minstens 6 maande van die voorgeskrewe kursus voorkom, tensy die raad anders bepaal.

(b) Die tydperk van enige onderbreking moet ingewerk word, sodat die voorgeskrewe tydperk vir die kursus voltooi word.

(c) Vir doeleindes van hierdie regulasie beteken die uitdrukking „onderbreking” —

- (i) enige afwesigheid wat nie in hierdie regulasie gemagtig is nie;
- (ii) 'n oorpasing van een skool na 'n ander.

#### DIE LEERPLAN.

##### 5. OPMERKING:

- (i) Dwarsdeur die kursus moet die onderrig daarop ingestel wees om die verpleegster/verpleër voor te berei om naas die geneesheer as mede-terapeut in die terapie van die psigiatriese pasiënt te kan optree;
- (ii) die etiese grondslae van verpleging moet dwarsdeur die kursus beklemtoon word;
- (iii) die wet wat verplegingspraktyk beheer, insluitende die regulasies betreffende die gedrag van geregistreerde verpleegsters/verpleërs wat onbetaamlike of skandelerike gedrag uitmaak, moet dwarsdeur die kursus op toegepaste grondslag geleer word;
- (iv) die maatskaplike, sielkundige en fisiese verwantskappe in siekte, asook die voorkomende, bevoor-

- (c) the person in charge of a school shall notify the council when a student completes the course. Simultaneously with this notice a record of the theoretical and clinical instruction undergone by the student shall be lodged.

#### DURATION OF THE COURSE.

4. (1) Except as otherwise prescribed in regulation 7, the duration of the course shall be three (3) years. The leave of absence which may be granted in terms of paragraph (2) and the sick leave (not additional sick leave) which may be granted in terms of paragraph (3) are included in this period.

(2) A student may be granted leave of absence as follows at such times during the prescribed course as the person in charge of the school may decide upon:

- (a) if the prescribed course extends over less than one (1) year — nil;
- (b) if the prescribed course extends over at least one (1) year but over less than two (2) years — not more than thirty (30) days in all;
- (c) if the prescribed course extends over at least two (2) years but over less than three (3) years — not more than sixty (60) days in all;
- (d) if the prescribed course extends over at least three (3) years but over less than four (4) years — not more than ninety (90) days in all.

(3) (a) A student may be granted sick leave calculated at the rate of twelve (12) days for each year of the course, and a proportionate number of days in a lesser period. Sick leave may be granted at any time during the prescribed course.

(b) Additional sick leave may be granted, but such sick leave shall be made up so that the prescribed period for the course is completed.

(4) (a) The course shall be commenced *de novo* if a break occurs before completion of six (6) months of the prescribed course, unless the council determines otherwise.

(b) The period of any break shall be made up so that the prescribed period for the course is completed.

(c) For the purpose of this regulation the expression “break” means —

- (i) any absence which is not authorised in this regulation;
- (ii) a transfer from one school to another.

#### THE SYLLABUS.

##### 5. NOTE:

- (i) Throughout the course, the aim of the education should be to prepare the nurse to act as a co-therapist to the medical practitioner in the therapy of the psychiatric patient;
- (ii) the ethical foundations of nursing shall be emphasised throughout the course;
- (iii) the law governing the practice of nursing, including the regulations regarding the conduct of registered nurses which shall constitute improper or disgraceful conduct, shall be taught at an applied level throughout the course;
- (iv) the social, psychological and physical relationships in disease as well as the preventive, promotive,

derende, kuratiewe en rehabilitatiewe aspekte moet by die onderrig van die leerplan beklemtoon word;

(v) *mansleerlinge ontvang nie op vroue en kinders onderrig nie.*

(1) *Basiese Wetenskappe*

- (a) *Natuurwetenskappe*  
Toegepaste fisika.  
Toegepaste chemie.
- (b) *Biologiese Wetenskappe*  
Anatomie, Fisiologie, Mikrobiologie en parasietologie.
- (c) *Sosiale Wetenskappe*  
'n Inleiding tot die Mens: Die Mens as 'n biologiese, as 'n menslike en sosiale wese. Verpleging as diens van die mens tot die mens.  
Sosiologie: Basiese beginsels van sosiale verwantskappe. Faktore en magte wat die verspreiding van mense en instellings bepaal; individuele en bevolkingsprobleme.  
Sielkunde: Ontwikkeling van die mens. Menslike gedrag insluitende motivering, emosies en die konsep van persoonlikheid. Frustrasies. Konflik. Verdedigingsmekanismes. Mislukkings in aanpassing. Instandhouding van die lewensbalans. Psigosomatiese geneeskunde. Die grondslag van geestesgesondheid.

(2) *Maatskaplike Werk en Maatskaplike Dienste*

(3) *Psigiatriese Verpleegkunde*

- (a) *Geskiedenis van Verpleging*  
'n Kort samevatting van verpleeggeskiedenis vanaf primitiewe tye tot vandag, met besondere verwysing na Suid-Afrikaanse verpleeggeskiedenis. Psigiatriese verpleeggeskiedenis. Doelstellings van psigiatriese verpleegkunde.
- (b) *Noodhulp*
- (c) *Farmakologie*
- (d) *Dieëtkunde*  
(i) Voedingsleer  
(ii) Dieëtherapie.
- (e) *Basiese Verpleegsorg van Fisies-siektes* en die terapie in verband daarmee.
- (f) *Psigiatriese Siekheid*: Algemene simptome, verpleegterapie in die hospitaal en in die gemeenskap, soos dit voorkom in die kinderjare, die volwassene, by bejaardes. Veroorsakende faktore en karakteristieke van psigiatriese siekheid:  
Die psigososes  
Psigoneuroses  
Psigo-somatiese toestande  
Psigopatiese persoonlikheid  
Organiese geestesversteurdheid  
Grade van swaksinnigheid en kliniese variëteite  
Verslawing.
- (g) *Spesiale Terapeutiese Bedrewehede in Psigiatriese Verpleging*  
Observasie. Prosedure. Rekords. Kommunikasie. Besondere diagnostiese en terapeutiese bedrewehede. Inter-personale verhoudings in terapie.
- (h) *Voorkomende en bevorderende gesondheid*  
met insluiting van gesondheidsvoorligting, met betrekking tot psigiatriese gesondheid.

curative and rehabilitative aspects shall be emphasised in the teaching of the syllabus;

(v) *male nurses shall not be taught on females and children.*

(1) *Basic Sciences:*

- (a) *Natural Sciences*  
Applied physics  
Applied chemistry
- (b) *Biological Sciences*  
Anatomy. Physiology. Microbiology and parasitology.
- (c) *Social Sciences*  
An introduction to Man: Man as a biological, as a human and as a social being. Nursing as a service by man for man. Sociology: Basic principles of social relationships. Factors and forces which determine the distribution of people and institutions; individual and population problems.  
Psychology: Human development. Human behaviour including motivation, emotions and the concept of personality. Frustrations. Conflict. Defence mechanisms. Failure of adjustment. Maintaining the vital balance. Psycho-somatic medicine. The basis of mental health.

(2) *Social Work and Social Services*

(3) *Science and Art of Psychiatric Nursing*

- (a) *History of Nursing*  
A short outline of nursing history from primitive times to the present day, with special reference to South African nursing history. Psychiatric nursing history. Psychiatric nursing history. Objectives of psychiatric nursing.
- (b) *First-aid*
- (c) *Pharmacology*
- (d) *Dietetics*:  
(i) Nutrition  
(ii) Diet Therapy.
- (e) *Basic Nursing Care of the Physically ill* and the therapy related thereto.
- (f) *Psychiatric illness*: General symptoms, nursing therapy in hospital and in the community as they occur in childhood, the adult, the aged. Causative factors and characteristics of psychiatric illness:—  
The psychoses  
Psychoneuroses  
Psycho-somatic conditions  
Psychopathic personality  
Organic psychiatric disorder  
Degrees of mental defect and clinical varieties.  
Addiction.
- (g) *Special therapeutic Skills in Psychiatric Nursing*  
Observation. Procedure. Recording. Communication. Special diagnostic and therapeutic skills. Inter-personal relationships in therapy.
- (h) *Preventive and promotive health* including health education in relation to psychiatric health.



(4) *Beginnels van Professionele Praktijk*

Die etiese grondslag van verpleging. Die betekenis van professionele praktijk. Die Wet op Verpleging en die regulasies betreffende die gedrag van geregistreerde verpleegsters/verpleërs, wat onbetaamlike of skandelige gedrag uitmaak. Persoonlike en professionele verantwoordelikhede van 'n geregistreerde persoon.

(5) *Saaladministrasie en -onderrig*

## LESINGS, KLINIESE ONDERRIG EN PRAKTIKA.

6. (1) Behalwe soos anders in regulasie 7 voorgeskryf, moet 'n leerling dwarsdeur die kursus sowel teoretiese as kliniese onderrig, waarby praktika in die sale en afdelings ingesluit is, in die vakke voorgeskryf in die leerplan in regulasie 5, ontvang. Dosente en demonstrateurs moet kwalifikasies deur die raad goedgekeur, besit.

(2) Die kliniese onderrig en praktika in die sale en afdelings, moet minstens insluit (die tydperke hoof nie aaneenlopend te wees nie):

- (a) *terapie by swaksinnigheid*:  
lae graadse kinders — twee (2) weke  
lae graadse volwassenes — twee (2) weke  
medium tot hoë graadse kinders — twee (2) weke  
medium tot hoë graadse volwassenes — twee (2) weke;
- (b) *psigiatrisie terapie*:  
toelatingsale — agt-en-twintig (28) weke  
langtermyn en waarnemingsale — veertien (14) weke  
geriatrisie sale — vier (4) weke  
sale vir fisies-siektes — vier (4) weke;
- (c) *gemeenskaps- en rehabilitatiewe dienste* — ses (6) weke;
- (d) *arbeids- en ontspanningsterapie* — vier (4) weke;
- (e) *algemene verpleging in 'n algemene hospitaal*  
chirurgiese verpleging — vier (4) weke  
ongevalle-afdeling — vier (4) weke;
- (f) die balans van die tyd wat nodig is om die voorgeskrewe tydperk vir die kursus te voltooi, word na goeddunke van die persoon in beheer van die skool ingedeel.

(3) Waar fasiliteite beskikbaar is, moet leerlinge onder toesig, departemente en maatskaplike werksaamhede betrokke by die volgende, besoek:

- (i) voorkomende en bevorderende gesondheid;
- (ii) die versorging van sosiaal- of psigiatris-gestremde persone;
- (iii) die maatskaplike bystand en rehabilitasie of nasorg van psigiatrisie pasiënte.

(4) (a) 'n Leerling moet kliniese onderrig, met insluiting van praktika in die sale en afdelings, in die versorging van pasiente snags, vir minstens een sesde ( $\frac{1}{6}$ ) maar hoogstens een kwart ( $\frac{1}{4}$ ) van die voorgeskrewe tydperk vir die kursus, ontvang; met dien verstande dat 'n leerling nie kliniese onderrig en praktika snags vir meer as twee (2) maande op 'n keer mag deurloop nie.

(b) Indien die kursus nege (9) maande of een (1) jaar duur, is die tydperk een (1) maand.

(c) Indien die kursus ses (6) maande duur, is die tydperk veertien (14) dae.

(d) Die voorgeskrewe tydperke hoof nie aaneenlopend te wees nie.

(4) *Principles of Professional Practice*

The ethical basis of nursing. The meaning of professional practice. The Nursing Act and the regulations regarding the conduct of registered nurses which shall constitute improper or disgraceful conduct. Personal and professional responsibilities of a registered person.

(5) *Ward Management and Teaching.*

## LECTURES, CLINICAL INSTRUCTION AND PRACTICA.

6. (1) Except as otherwise prescribed in regulation 7, a student shall, throughout the course, receive instruction both theoretically and clinically, including practica in the wards and departments, in the subjects prescribed in the syllabus in regulation 5. Lecturers and demonstrators shall hold qualifications approved by the council.

(2) The clinical instruction and practica in the wards and departments, shall include at least (the periods need not be continuous):

- (a) *mental defective therapy*:  
low grade children — two (2) weeks  
low grade adults — two (2) weeks  
medium to high grade children — two (2) weeks  
medium to high grade adults — two (2) weeks;
- (b) *psychiatric therapy*:  
admission wards — twenty-eight (28) weeks  
long term and security wards — fourteen (14) weeks  
geriatric wards — four (4) weeks  
wards for the physically ill — four (4) weeks;
- (c) *community and rehabilitative services*: — six (6) weeks;
- (d) *occupational and recreational therapy*: — four (4) weeks;
- (e) *general nursing in a general hospital*:  
surgical nursing — four (4) weeks;  
casualty department — four (4) weeks;
- (f) the balance of the time required to make up the prescribed period for the course, shall be allocated at the discretion of the person in charge of the school.

(3) Wherever facilities are available, students shall visit under supervision departments and social agencies concerned with —

- (i) promotive and preventive health;
- (ii) the care of socially or psychiatrically handicapped persons;
- (iii) the social assistance and rehabilitation or after-care of psychiatric patients.

(4) (a) A student shall receive clinical instruction, including practica in the wards and departments, in the care of patients at night for at least one sixth ( $\frac{1}{6}$ ) and for not more than one quarter ( $\frac{1}{4}$ ) of the prescribed period for the course; provided that a student shall not receive clinical instruction and practica at night for more than two (2) months at a time.

(b) If the course extends over nine (9) months or one (1) year, the period shall be one (1) month.

(c) If the course extends over six (6) months, the period shall be fourteen (14) days.

(d) The periods prescribed need not be continuous.

## VRYSTELLINGS.

7. (1) Leerlinge waarna in hierdie regulasie verwys word —

- (a) moet aan die bepalings van regulasie 3 voldoen;  
 (b) word nie ingevolge meer as een van die hieropvolgende paragrawe vrystelling verleen nie.

(2) 'n Leerling wat 'n geregistreerde algemeen verpleegster of algemene verpleër is —

- (a) moet —  
 (i) 'n kursus wat een (1) jaar duur, deurloop;  
 (ii) minstens die volgende kliniese onderrig, met insluiting van praktika in die sale en afdelings, deurloop (die tydperke hoef nie aaneenlopend te wees nie):

*terapie by swaksinnigheid*

lae graadse kinders — een (1) week

lae graadse volwassenes — een (1) week  
 medium tot hoë graadse kinders — een (1) week

medium tot hoë graadse volwassenes — een (1) week;

*psigiatrisiese terapie*

toelatingsale — vier (4) weke  
 langtermyn- en waarnemingsale — drie (3) weke

geriatrisiese sale — een (1) week  
 sale vir fisies-siektes — een (1) week;

*gemeenskaps- en rehabilitatiewe dienste* — drie (3) weke;

*arbeids- en ontspanningsterapie* — twee (2) weke;

- (b) word van die voorlopige eksamen en van bywoning van die lesings en demonstrasies in die vakke ten opsigte van hierdie eksamen voorgeskryf, vrygestel.

(3) 'n Leerling wat 'n geregistreerde algemene verpleegster of algemene verpleër is en in besit is van 'n universiteitsgraad wat minstens twee kursusse in sosiologie of minstens twee kursusse in sielkunde ingesluit het —

- (a) moet —  
 (i) 'n kursus wat nege (9) maande duur, deurloop;  
 (ii) minstens die volgende kliniese onderrig, met insluiting van praktika in die sale en afdelings, deurloop (die tydperke hoef nie aaneenlopend te wees nie):

*terapie by swaksinnigheid*

lae graadse kinders — een (1) week

lae graadse volwassenes — een (1) week  
 medium tot hoë graadse kinders — een (1) week

medium tot hoë graadse volwassenes — een (1) week;

*psigiatrisiese terapie*

toelatingsale — vier (4) weke  
 langtermyn en waarnemingsale — drie (3) weke

geriatrisiese sale — een (1) week  
 sale vir fisies-siektes — een (1) week;

## EXEMPTIONS.

7. (1) Students referred to in this regulation —

- (a) shall comply with the provisions of regulation 3;  
 (b) shall not be granted exemptions under more than one of the succeeding paragraphs.

(2) A student who is a registered general nurse or a registered general nurse (male) —

- (a) shall undergo —  
 (i) a course of one (1) year's duration;  
 (ii) at least the following clinical instruction including practica in the wards and departments (the periods need not be continuous):

*mental defective therapy*

low grade children — one (1) week

low grade adults — one (1) week  
 medium to high grade children — one (1) week;

medium to high grade adults — one (1) week;

*psychiatric therapy*

admission wards — four (4) weeks  
 long term and security wards — three (3) weeks

geriatric wards — one (1) week  
 wards for the physically ill — one (1) week;

*community and rehabilitative services* — three (3) weeks;

*occupational and recreational therapy* — two (2) weeks;

- (b) is exempted from the preliminary examination and from attending the lectures and demonstrations on the subjects prescribed for this examination.

(3) A student who is a registered general nurse or registered general nurse (male) and who holds a university degree which included at least two courses in sociology or at least two courses in psychology —

- (a) shall undergo —  
 (i) a course of nine (9) months duration;  
 (ii) at least the following clinical instruction, including practica in the wards or departments (the periods need not be continuous):

*mental defective therapy*

low grade children — one (1) week

low grade adults — one (1) week  
 medium to high grade children — one (1) week

medium to high grade adults — one (1) week;

*psychiatric therapy*

admission wards — four (4) weeks  
 long term and security wards — three (3) weeks

geriatric wards — one (1) week  
 wards for physically ill — one (1) week;

*gemeenskaps- en rehabilitatiewe dienste*  
— drie (3) weke;

*arbeids- en ontspanningsterapie* — twee  
(2) weke;

- (b) word van die voorlopige eksamen en van bywoning van die lesings en demonstrasies in die vakke vir hierdie eksamen voorgeskryf, vrygestel.

(4) 'n Leerling wat 'n geregistreerde algemene verpleegster of algemene verpleër is en wat in besit is van 'n universiteitsgraad met minstens twee kursusse in sosiologie of minstens twee kursusse in sielkunde en wat, gedurende die kursus vir registrasie as 'n algemene verpleegster of algemene verpleër, minstens drie (3) maande kliniese onderrig in 'n erkende skool vir verpleegsters/verpleër vir siel siekes of psigiatriese verpleegsters/verpleërs deurloop het —

(a) moet —

- (i) 'n kursus wat ses (6) maande duur, deurloop;  
(ii) minstens die volgende kliniese onderrig, met insluiting van praktika in die sale en afdelings, deurloop (die tydperke hoef nie aaneenlopend te wees nie):

*terapie by swaksinnigheid*

lae graadse kinders — een (1) week

lae graadse volwassenes — een (1) week

medium tot hoë graadse kinders — een (1) week

medium tot hoë graadse volwassenes — een (1) week;

*psigiatriese terapie*

toelatingsale — vier (4) weke

langtermyn en waarnemingsale — drie (3) weke

geriatriese sale — een (1) week

sale vir fisies-siekes — een (1) week;

*gemeenskaps- en rehabilitatiewe dienste*  
— een (1) week;

*arbeids- en ontspanningsterapie* — een (1) week;

- (b) word van die voorlopige eksamen en van bywoning van die lesings en demonstrasies in die vakke vir hierdie eksamen voorgeskryf, vrygestel.

(5) 'n Leerling wat 'n geregistreerde vroedvrou is —

- (a) word van die helfte van die tydperk van die kursus wat vir registrasie as 'n vroedvrou deurloop is, vrygestel, met dien verstande dat die leerling nie van meer as een (1) jaar van die kursus vrygestel mag word nie;

- (b) word, indien die kandidaat in die gemeenskaplike voorlopige eksamen vir algemene verpleegsters/verpleërs, psigiatriese verpleegsters/verpleërs en vroedvroue geslaag het, van die voorlopige eksamen en van bywoning van die lesings en demonstrasies in die vakke vir hierdie eksamen voorgeskryf, vrygestel; met dien verstande dat 'n leerling van wie vereis word om die voorlopige eksamen af te lê, tot hierdie eksamen toegelaat mag word na voltooiing van minstens ses (6) maande van die voorgeskrewe tydperk vir die kursus.

(6) 'n Leerling wat 'n geregistreerde verpleegster/verpleër vir siel siekes is —

*community and rehabilitative services* —  
three (3) weeks;

*occupational and recreational therapy* —  
two (2) weeks;

- (b) is exempted from the preliminary examination and from attending the lectures and demonstrations on the subjects prescribed for this examination.

(4) A student who is a registered general nurse or registered general nurse (male) and who holds a university degree which include at least two courses in sociology or at least two courses in psychology and who had undergone, during the course for registration as a general nurse or general nurse (male), at least three (3) months clinical instruction in a recognised school for mental nurses or a recognised school for psychiatric nurses —

(a) shall undergo —

- (i) a course of six (6) months duration;  
(ii) at least the following clinical instruction, including practica in the wards or departments (the periods need not be continuous):

*mental defective therapy*

low grade children — one (1) week

low grade adults — one (1) week

medium to high grade children — one (1) week

medium to high grade adults — one (1) week;

*psychiatric therapy*

admission wards — four (4) weeks

long term and security wards — three (3) weeks

geriatric wards — one (1) week

wards for physically ill — one (1) week;

*community and rehabilitative services* —  
one (1) week;

*occupational and recreational therapy* —  
one (1) week;

- (b) is exempted from the preliminary examination and from attending the lectures and demonstrations on the subjects prescribed for this examination.

(5) A student who is a registered midwife —

- (a) is exempted from half the period of the course undergone for registration as a midwife; provided that such a student shall not be exempted from more than one (1) year of the course;

- (b) is exempted from the preliminary examination and from attending the lectures and demonstrations on the subjects prescribed for this examination if the candidate has passed in the common preliminary examination for general nurses, psychiatric nurses and midwives; provided that a student who is required to take the preliminary examination may be admitted to the examination after completion of at least six (6) months of the prescribed period of the course.

(6) A student who is registered mental nurse —

(a) moet —

(i) 'n kursus wat nege (9) maande duur, deurloop;

(ii) minstens die volgende kliniese onderrig, met insluiting van praktika in die sale en afdelings, deurloop (die tydperke hoef nie aaneenlopend te wees nie):

*terapie by swaksinnigheid*

lae graadse kinders — twee (2) weke

lae graadse volwassenes — twee (2) weke

medium tot hoë graadse kinders — twee (2) weke

medium tot hoë graadse volwassenes — twee (2) weke;

*gemeenskaps- en rehabilitatiewe dienste* — drie (3) weke;*arbeids- en ontspanningsterapie* — twee (2) weke;*algemene verpleging in 'n algemene hospitaal*chirurgiese verpleging — vier (4) weke  
ongevalle-afdeling — vier (4) weke;

(b) word van die voorlopige eksamen en van bywoning van die lesings en demonstrasies in die vakke vir hierdie eksamen voorgeskryf, vrygestel.

(7) 'n Leerling wat 'n geregistreerde verpleegster/verpleër vir swaksinniges is —

(a) moet —

(i) 'n kursus wat een (1) jaar duur, deurloop;

(ii) minstens die volgende kliniese onderrig, met insluiting van praktika in die sale en afdelings, deurloop (die tydperke hoef nie aaneenlopend te wees nie):

*psigiatriese terapie*

toelatingsale — twaalf (12) weke

langtermyn en waarnemingsale — ses (6) weke

geriatriese sale — een (1) week;

*gemeenskaps- en rehabilitatiewe dienste* — drie (3) weke;*arbeids- en ontspanningsterapie* — twee (2) weke;*algemene verpleging in 'n algemene hospitaal*chirurgiese verpleging — vier (4) weke;  
ongevalle-afdeling — vier (4) weke;

(b) word van die voorlopige eksamen en van bywoning van die lesings en demonstrasies in die vakke vir hierdie eksamen voorgeskryf, vrygestel.

(8) 'n Leerling wat 'n geregistreerde algemene verpleegster of algemene verpleër is en wat, gedurende die kursus vir registrasie as 'n algemene verpleegster of algemene verpleër, minstens drie (3) maande kliniese onderrig aan 'n erkende skool vir verpleegsters/verpleërs vir sielsiektes of psigiatriese verpleegsters/verpleërs deurloop het —

(a) shall undergo —

(i) a course of nine (9) months duration;

(ii) at least the following clinical instruction, including practica in the wards and departments (the periods need not be continuous):

*mental defective therapy*

low grade children — two (2) weeks

low grade adults — two (2) weeks

medium to high grade children — two (2) weeks

medium to high grade adults — two (2) weeks;

*community and rehabilitative services* — three (3) weeks;*occupational and recreational therapy* — two (2) weeks;*general nursing in a general hospital*

surgical nursing — four (4) weeks

casualty department — four (4) weeks;

(b) is exempted from the preliminary examination and from attending the lectures and demonstrations in the subjects prescribed for this examination.

(7) A student who is a registered nurse for mental defectives —

(a) shall undergo —

(i) a course of one (1) year's duration;

(ii) at least the following clinical instruction, including practica in the wards and departments (the periods need not be continuous):

*psychiatric therapy*

admission wards — twelve (12) weeks

long term and security wards — six (6) weeks

geriatric wards — one (1) week;

*community and rehabilitative services* — three (3) weeks;*occupational and recreational therapy* — two (2) weeks;*general nursing in a general hospital*

surgical nursing — four (4) weeks

casualty department — four (4) weeks;

(b) is exempted from the preliminary examination and from attending the lectures and demonstrations on the subjects prescribed for this examination.

(8) A student who is a registered general nurse or registered general nurse (male) and who had undergone, during the course for registration as a general nurse or general nurse (male), at least three (3) months clinical instruction at a recognised school for mental nurses or a recognised school for psychiatric nurses —

(a) moet —

- (i) 'n kursus wat nege (9) maande duur, deurloop;
- (ii) minstens die volgende kliniese onderrig, met insluiting van praktika in die sale en afdelings, deurloop (die tydperke hoef nie aaneenlopend te wees nie):

*terapie by swaksinnigheid*

lae graadse kinders — een (1) week

lae graadse volwassenes — een (1) week

medium tot hoë graadse kinders — een (1) week

medium tot hoë graadse volwassenes — een (1) week;

*psigiatrisie terapie*

toelatingsale — vier (4) weke

langtermyn en waarnemingsale — drie (3) weke

geriatriese sale — een (1) week

sale vir fisies-siektes — een (1) week;

*gemeenskaps- en rehabilitatiewe dienste* — drie (3) weke;*arbeids- en ontspanningsterapie* — twee (2) weke.

(9) 'n Leerling wat in die gemeenskaplike voorlopige eksamen geslaag het as 'n leerling-algemene verpleegster of 'n leerling-algemene verpleër of 'n leerlingvroedvrou, word van die voorlopige eksamen vrygestel, maar moet die lesings en demonstrasies bywoon en die kliniese onderrig deurloop wat vir hierdie eksamen voorgeskryf is.

(10) Die raad kan ander vrystellings verleen.

## EKSAMENS, EKSAMENPUNTE, HERNASIEING.

8. (1) Die voorlopige eksamen bestaan uit 'n skriftelike vraestel wat drie uur duur, oor die vakke Natuurwetenskappe en Biologiese Wetenskappe.

(2) Die eindeksamen word oor die hele leerplan gestel en bestaan uit drie (3) vraestelle wat elk drie (3) uur duur.

(3) (a) Suksesvolle kandidate word as „geslaag” of „met lof geslaag” aangedui.

(b) Om te slaag, moet 'n kandidaat minstens vyftig persent (50%) van die puntetal vir 'n eksamen behaal. In die eindeksamen, moet 'n kandidaat minstens veertig persent (40%) van die puntetal in elke vraestel behaal. Om met lof te slaag, moet 'n kandidaat minstens vyf-en-sewentig (75%) van die totale punte vir 'n eksamen behaal.

